
Werkblad: Direkte en indirekte rede - graad 9**Punte: [30]**

Vraag 1: [10]

Skryf die volgende sinne in die indirekte rede:

- Die vrou sê: "Ek wil gou dorp toe gaan."
- Kobus sê vir haar: "Ek sal gou saam met jou ry."
- Sannie wil by hom weet: "Wat wil jy in die dorp gaan maak?"
- Hy antwoord haar: "Ek wil vir my 'n visstok gaan koop."
- "Kan jy ooit visvang?" wil sy by hom weet.
- Met 'n groot glimlag op sy gesig antwoord hy haar: "Ek het Springbok-kleure vir visvang."
- Kortaf antwoord sy hom: "Ek het dit nie geweet nie."
- "Gaan jy vir my van jou vis gee?", wil sy by hom weet.
- "Natuurlik sal ek vir jou van die vis gee mits jy dit vir ons gaar maak", antwoord hy haar.
- Hy vra: "Het jy darem 'n lekker resep om vis gaar te maak?"

Vraag 2: [5]

Skryf die volgende sinne in die direkte rede:

- Die seun sê dat hy nie van die groente hou nie.
- Die tannie sê dat hy moet sy groente eet anders kan hy nie nagereg kry nie.
- Hy vra haar of hy die tafel mag afdek.
- Hy vra haar of sy iets van die kafee af wil hê.
- Sy skreeu vir hom dat hy vir haar moet wag.

Vraag 3: [6]

<i>Manlik</i>	
<i>Direkte rede</i>	<i>Indirekte rede</i>
ek	?
myne	?
jy	?
<i>Vroulik</i>	
<i>Direkte rede</i>	<i>Indirekte rede</i>
jou	?
ek	?
my	?

Vraag 4: [4]

Skryf die volgende sinne in die indirekte rede:

- a. "Eina! Die sand brand my voete," skreeu hy.
- b. "Ag foeitog! roep sy uit toe sy die wond sien.
- c. Die kinders skree: "Hoera! Ons span het gewen."
- d. Die seun sê: "Jig! Ek hou nie van kool nie."

Vraag 5: [5]

- a. Die vrou het gesê: "Ek sal jou môre kan help."
- b. Die man het gesê: "Ek het nie gister lekker gevoel nie."
- c. Die seun het gevra: "Moet ek die bak hier bêre?"
- d. Die onderwyser het gesê: "Julle moes gister die huiswerk doen."
- e. Die ma het die seun gevra: "Het jy hier gerook?"